# Boekbespreking

Tremmel, W C *Religion. What is it?* New York: Holt, Rinehart and Winston, 1976, 277 pp, R8,00.

Dit sou interessant wees om op 'n keer na te gaan hoeveel inleidende godsdiensfilosofiese werke die afgelope twee dekades in die Angelsaksiese wêreld oor die verskynsel godsdiens verskyn het. Ek meen dat dit 'n aansienlike getal sou uitmaak en dat dit bevind sal word dat daar in verskeie gevalle 'n nou ooreenkoms in benaderingswyse en stof bestaan. Dit is omdat die meeste van hierdie werke as studieboeke geskryf is en waarskynlik voortkom uit die skrywer se behoefte om meer met sy lesings te doen as om dit oor en oor te doseer. Elkeen van hierdie werke sou waarskynlik in eie reg nie te onaardig wees nie, maar in hierdie verband gesien, is die kans skraal dat elke sodanige werk op 'n beoordeling in eie reg kan hoop. Gevolglik rus daarop die resensent van so 'n werk ook 'n meer as gewone verantwoordelikheid om 'n billike oordeel te vel.

Die onderhawige werk verskil van baie ander in sy klas daarin dat dit nie as 'n stukkie godsdiensfilosofie aangebied word nie. Trouens die skrywer help ons nie juis om te besluit in watter subdissipline van die godsdienswetenskap ons sy werk moet kategoriseer nie. Ek dink egter dat ons nie te ver van die kol gaan wees as ons sê dat die werk op die skadugebied tussen godsdiensfenomenologie en godsdiensfilosofie lê nie. Die skrywer stel homself ten doel om 'n funksionele kyk op die godsdiens aan te bied en probeer so ver moontlik wegbly van 'n beoordeling. Tog lê sy voorveronderstellings nie ver onder die oppervlak nie en kom dit in deel vier, as hy oor "God and religion" handel duidelik op die oppervlak. 'n Mens sou hom nogtans krediet wou gee vir 'n eerlike poging.

Die funksionele metode wat ons nie met funksionalisme moet verwar nie, bied in meer as een opsig 'n uitweg uit die impasse waarin die godsdiensfenomenologie die afgelope paar dekades geraak het. In die godsdienssosiologie was dit een van die faktore wat tot die uitbreiding van dié subdissipline mee gehelp het. Tog is daar ook bepaalde nadele aan die metode verbonde, onder andere dat dit geen ruimte laat vir die beoordeling van die waarheidsgehalte van godsdienstige aansprake nie. Daarom moet die metode met bedagsaamheid toegepas word en die resultate net so oorweeg word. Die boek is nie 'n poging om 'n bepaalde funksionele skou op godsdiens te verkondig nie, maar dit in die godsdienswetenskaplike debat as nog 'n bydrae aan te bied.

Die werk is as 'n studieboek geskryf en vir daardie doel behoort dit nie sleg te vaar nie. Sake wat aan die orde kom, is teorieë oor die ont-

staan en wese van godsdiens, sekere tipiese struktuuraspekte, God en godsdiens en laastens godsdiens as ervaring. Vir inleidende leeswerk sal dit ook deug. 'n Indringende studie is dit egter nie.

(P J v d M)

Verhoeven, C W M en ander *Dood en stervensbegeleiding*. Nijkerk: Callenbach, 1978, 134 pp, R9,10.

In hierdie werk is 'n reeks openbare lesings saamgevat wat gedurende 1977/78 aan die Vrije Universiteit, Amsterdam, gelewer is rondom die dood as werklikheid en die moontlikheid van sterwensbegeleiding. Onder die medewerkers tel die name van G T Rothuizen en J A Montsma as die van teoloë, terwyl J C Schreuder die onderwerp vanuit die siekepastoraat benader. Ander gesigshoeke wat aan die orde kom, is die van die filosofie, natuurwetenskap, geneeskunde en maatskaplike werk.

Uit die aard van hulle oorspronklike opset is die verskillende bydraes inleidend, bondig en nie moeilik om te volg nie. Dit kan nie as indringendestudies beskou word nie, maar ewemin is dit oppervlakkig. Derhalwe kan 'n mens dit nie vir vakkundige gebruik aanbeveel nie, maar behoort die predikant en die belangstellende lidmaat goed daarvan gebruik te maak.

'n Mens kan nie help om die boek met 'n gevoel van onvergenoegdheid neer te sit, nadat jy dit deurgelees het nie ... soveel woorde en so min gesê. Na 'n ruk besef 'n mens egter dat die skuld hiervoor die van die onderwerp is – die dood wat maar altyd die ronde klip in 'n vierkantige gat is. Nie al die bydraes is ewe goed nie. So was ek nogal teleurgesteld met die bydrae van Rothuizen. Dis ook van veel betekenis dat die sinvolste stukke (volgens my gevoel in elk geval) die was van persone wat gereeld op die praktiese vlak met die dood te doen kry. Ek beskou egter die bydrae van die filosoof, C W M Verhoeven, as die mees bevredigende.

Lesers wat hierdie werk die beste sal kan waardeer, is persone wat gereeld in hulle daaglikse werksaamheid met die onderhawige probleem te doen kry, bv. maatskaplike werkers, mediese dokters en predikante. Vir hulle veral word hierdie werk dan aanbeveel.

(P J v d M)

P S Dreyer, *Hoofstrominge van die Sedeleer.*
HAUM 1979

Hierdie publikasie omtrent hoofstrominge van wysgerige sedelere is die jongste uit die pen van die skrywer. Hierin gee hy 'n indringende behandeling van genoemde strominge. Dit is egter veel meer as 'n behandeling van die strominge: Te midde van die ondersoek

daarvan, maak die skrywer erns met die sedelike problematiek as sodanig. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die sedelike onderskeid tussen goed en kwaad radikale realiteite of oerfenomene van menswees is en dat 'n a-sedelike mens nooit werklikheid is of kan wees nie.

Van meet af toon die skrywer sy deeglike en heldere insig in die problematiek wat by elke stroming ter sake is. Van meet af blyk dit dus dat hy elk met gemak, met ander woorde met gesag hanteer. 'n Verdere gevolg is dat hy deurgaans daarin slaag om die wesenlike te onderskei en verval hy nêrens in onnodige detail nie. Sodoende is sy toeligting wat hy aanwend gepas en doelmatig. In aansluiting hierby, slaag hy daarin om naas die raaksien uit problematiek van elke stroming, dit telkens sinvol te plaas in die hele kader van die geskiedenis van die filosofie en die eietydse situasie. In alle gevalle is sy kommentaar weloorwoë en op die punt af.

In die eerste hoofstuk behandel hy die amoralisme en etiese skeptisisme. Hier gee hy aandag aan die Sofiste, Max Stirner, logiese positivisme, sciëntisme, materialisme, evolusionisme, behaviorisme en psigo-analise. Telkens bring hy die *sui generis* karakter van die sedelike na vore en wys hy ook op die realiteit van bewussyn.

In die hoofstuk oor die gevolgsetiek behandel hy die hedonisme, eudaemonisme, utilitarisme en pragmatisme. Belangrik is sy bespreking van die beweging van die "is" na die "behoort". Die skrywer toon tereg aan die een kant aan dat die onderskeid tussen goed en sleg nie volg en geleer kan word uit die ervaring nie. Aan die ander kant weer bestaan goed en kwaad ook nie as lewenswerklikhede sonder die ervaring nie. Die opeisende krag van sedelike norme is reël.

Vervolgens gaan die skrywer oor tot 'n behandeling van die marxisties-kommunistiese sedeleer. Ondergetekende het lank gelede so 'n goeie analise van Marx se denke gelees. Wat veral hier verdienstelik is, is dat die skrywer veel aandag wy aan die antropologiese momente by Karl Marx en dit as betekenisvolle faktor in sy denke stel.

Wat wel jammer is, is dat die skrywer sy behandeling van die Marxisme onverwags afsluit sonder 'n verdere behandeling van die neo-marxisme en die etiek. Wel het hy 'n kort verwysing daarna aan die einde van sy boek, maar hy sluit af met die slotsom dat die basiese tendense van Marx dieselfde bly by die eietydse kommunisme. By die "amptelike" Marxisme geld dit grootliks en tot 'n mate by die Frankfurter Schule, maar talle neo-marxistiese denkers uit Oos-Europa het 'n ander siening van die onderbou-bowebou struktuur en dus die bewussyn en etiek.

'n Uitstaande deel van die boek is die behandeling van die Idealisme van Immanuel Kant. Hier skryf hy gewis as kenner. Hy behandel die sedewet indringend asook Kant se "maximes", vryheid as

voorwaarde van sedelikheid, die drie postulate en wys hy op die blywende prestasie van Kant se etiek.

Die situasie etiek of eksistensie etiek bekyk hy van alle kante. In sy analise wys hy op die volslae relatering en subjektering van waardes en norme deur die etiek. Andersyds het hy waardering vir ountentisiteit wat hier na vore tree.

In sy behandeling van die waarde-etiek gee die skrywer aandag aan die historiese agtergrond, die invloed van die fenomenologie en dan veral die denke van Hartmann, Scheler en Hessen. Hy sien in die waarde-etiek ook 'n poging tot fundering van sedelike waardes, deurdat hy 'n kategorie van baie waardes is. Hierna bespreek hy die waarde-etiek sistematies, die kwessie van waarde en werklikheid en die emosionalisme en intelektualisme by die kenning van waardes. Soos deurgaans, stel die skrywer sy eie standpunt en siening: en wat hier hoogstaande is, is sy onderskeiding van waardering naas gevoel en denke. Sy behandeling loop uit op dié van die personalisme, waar hy onder andere aantoon dat sedelike waardes persoonswaardes is en die ding-waardes nie. Hy vlek die grondstruktuur van sedelikheid oop as die onvoorwaardelik opeisende karakter asook universeel geldigheid en totaliteit van sedelike waardes. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die waardefilosofie nie daarin geslaag het om die relativisme en subjektivisme in die etiek te oorwin nie.

Sy werk sluit hy af met 'n blik op die huidige stand van die etiek. Volgens die skrywer is daar by die Westerling vandag nog sprake van tradisionele genormeerdheid by die praktiese lewensvoering, maar die fundering daarvan het verval. Ten opsigte van laasgenoemde gee hy talle redes aan. Hy is egter oortuig daarvan dat die etiek weer sal terugkeer na realiteite soos die onderskeid van goed en kwaad, maar eers sal 'n onaangename lewenswerklikheid nodig wees.

Hierdie werk van die skrywer is ongetwyfeld van besondere hoogstaande gehalte: Die inhoud toon dat daar nie een enkele paragraaf is wat nie ryk aan wetenskaplike substansie is nie, en sy uitsprake is behoorlik begrond. In die filosofiese wêreld is dit sekerlik van die beste wysgerig-etiese publikasies wat die afgelope aantal jare verskyn het. Te meer is die werk 'n aanwins omdat dit voorsien in 'n groot behoefte, deurdat dit ook die eerste Afrikaanse publikasie is wat die betrokke terrein dek. Ondergetekende is ook daarvan oortuig dat die boek grootliks sal bydra tot 'n hernude en ernstige belangstelling in die sedelike problematiek.

Tegnies is die boek goed versorg, en die skrywer se styl lees vloeiend. Die publikasie is 'n akademiese lus (nie die lusprinsipe nie!) om te lees en ek beveel dit baie graag aan.

A J Antonites